

Dankoffers



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Mattëüs 6:19–21; Efësiërs 2:8; 1 Petrus 4:10; Lukas 7:37–47; II Korintiërs 8:8–15; II Korintiërs 9:6, 7.

Geheeteks:

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (*Johannes 3:16*).

Ons God is ‘n God wat gee; hierdie groot waarheid kan die kragtigste in Jesus se offer gesien word. “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (*Johannes 3:16*). Of in die volgende vers: “As julle dan wat sleg is, weet om goeie gewes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid!” (*Lukas 11:13*). God gee en gee; dis hoe Sy karakter is. Daarom, ons wat poog om Sy karakter te weerspieël, behoort ook te gee. Dit is moeilik om aan ‘n groter teenstrydigheid as ‘n “selfsugtige Christen” te dink.

Een manier om terug te gee wat aan ons gegee is, is om dankoffers te gee. Ons offergawes gee aan ons ‘n geleentheid om ons dankbaarheid en liefde te betoon. Wanneer Jesus eendag die verlostes in die hemel verwelkom, sal ons hulle sien wat Sy genade aanvaar het, en besef dat hulle aanvaarding moontlik gemaak was deur ons offergawes. Hierdie week gaan ons na die belangrikheid van offergawes kyk. Deur mildelik te gee, of dit middele, tyd of talente is, is ‘n kragtige wyse om ons geloof uit te leef en om die karakter van die God wat ons dien, te openbaar.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 Maart.*

“Waar julle skat is”

Lees *Mattéüs 6:19–21*. Alhoewel hierdie teksverse baie bekend vir ons is, hoe kan ons nietemin vry wees van die mag wat aardse besittings oor ons kan hê? Sien *Kolossense 3:1, 2*.

“Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (*Mattéüs 6:21*), is ‘n beroep wat Jesus op ons maak. Die volle omvang van hierdie mededeling kan in die vorige twee verse gesien word, deur skatte op aarde met skatte in die hemel, te kontrasteer. Drie woorde beskryf die aarde: mot, roes en diewe (*sien 6:19*), en almal impliseer hoe tydelik en kortstondig aardse skatte is. Wie het nog nie geleer hoe gou aardse dinge kan verdwyn nie? “Op aarde is alles onstabiel, onseker, en onveilig; dit is onderworpe aan agteruitgang, vernietiging, diefstal en verlies. In die hemel is die teenoorgestelde waar: alles is ewigdurend, duursaam, veilig en onvernietigbaar. In die hemel is daar geen verlies nie.” — C. Adelina Alexe, “Where Your Heart Belongs,” in *Beyond Blessings*, geredigeer deur Nikolaus Satelmajer, (Nampa, Idaho: Pacific Press Publishing Association, 2013), bl. 22, (*vrye vertaling*). Kyk na jou besittings. Selfs al het jy nie baie nie, eerder of later sal die meeste daarvan weggegooi word. Die uitsondering kan dalk ‘n erfstuk wees. Maar, ‘n wyse rentmeester behoort besig te wees om in die hemel skatte vir veilige bewaring bymekaar te maak. Daar hoef jy nie soos hier bekommerd te wees oor agteruitgang, diewe of plundersaars nie.

Mattéüs 6:19–21 bevat een van die belangrikste konsepte van rentmeesterskap. Jou besittings ruk, pluk, dwing, trek, eis en lok jou hart om dit te beheer. In die materiële wêreld is jou hart vas aan jou besittings, so waar jou besittings is, is van die allerhoogste belang. Hoe meer ons op aardse behoeftes en winste fokus, hoe moeiliker is dit om aan hemelse belange te dink. Om geloof in God te bely en nog ons skatte hier op aarde te vergader, is om dubbelhartig of skynheilig te wees. Ons handelinge moet met ons woorde ooreenstem. Met ander woorde, ons skatte op aarde is sigbaar, maar ons moet ons offergawes en skatte in die hemel deur geloof aanskou (*II Korintiërs 5:7*). Alhoewel ons prakties moet dink en optree, en in ons eie behoeftes moet voorsien (selfs vir aftrede), is dit uiters belangrik om altyd die groter werklikheid, die ewigheid, in gedagte te hou.

Lees Hebreërs 10:34. Watter belangrike punt maak Paulus hier oor die kontras tussen skatte op aarde en skatte in die hemel?

Rentmeesters van die genade van God

Wat, volgens Efésiërs 2:8, het God nog vir ons gegee?

Genade is “onverdiende guns.” Dit is ‘n gawe wat jy nie verdien nie. God het Sy genade op hierdie planeet uitgestort en, as ons dit net nie sal verwerp nie, sal Sy genade ons lewens hier en vir die ewigheid verander. Al die rykdom en die mag van die hemel word in hierdie gawe van genade ingesluit (*II Korintiërs 8:9*). Selfs engele is verstom oor hierdie onbeskryflike groot gawe (*I Petrus 1:12*). Daar is geen twyfel: van alles wat God aan ons gee en reeds gegee het, is genade wat ons in Jesus Christus ontvang, die kosbaarste gawe van alles. Sonder genade sal ons sonder hoop wees. Sonde se droewige uitwerking op die mensdom is te groot vir die mens om homself ooit daarvan te bevry. Selfs gehoorsaamheid aan God se wet kon nie die lewe aan ons gee nie. “Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar ‘n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees” (*Galásiërs 3:21*). Per slot van rekening, indien enige wet ons kon red, sou dit God se wet wees. Maar Paulus sê dat selfs daardie wet dit nie kan doen nie. As ons gered word, sal dit deur genade moet wees.

Lees I Petrus 4:10. Wat is die verwantskap tussen rentmeesterskap en genade? Verduidelik hoe ons gawes aan God en aan andere Sy genade weerspieël.

Petrus het gesê dat net soos ons die gawe van God se genade ontvang het, ons “bedienaars van die veelvuldige genade van God” (*I Petrus 4:10*) moet wees. Dit wil sê, God het aan ons gawes gegee; daarom moet ons teruggee van wat ons ontvang het. Wat ons deur genade ontvang het, is nie net vir ons genot en om ons self te bevoordeel nie, maar om die evangelie te bevorder. Julle het dit verniet ontvang (dis wat genade behels), verniet moet julle dit dan op elke moontlike manier gee.

Dink na oor alles wat God aan jou gegee het. Op watter maniere kan jy dan ‘n rentmeester van die genade wat jy ontvang het, wees?

Ons beste offergawe

Lees *Lukas 7:37–47*. **Wat leer hierdie verhaal ons oor die regte motivering om offergawes aan God te bring?**

Maria het die kamer binnegekrom en gesien hoe Jesus by die tafel rus. Sy het die albaste fles met duur salf oopgemaak en dit oor Hom uitgegooi. Sommige het gedink haar optrede was ongepas, veral omdat die lewe wat sy gely het ongeoorloof was. Maar Maria was genees van beseerde geeste (*Lukas 8:2*). Daarna, nadat sy die opstanding van Lasarus gesien het, was sy met dankbaarheid oorweldig. Die salf wat sy gebruik het, was die kosbaarste skat wat sy besit het, en dit was haar manier om vir Jesus dankie te sê. Hierdie verhaal bevat die ware motivering wat ons moet hê in die gee van ons offergawes: dankbaarheid. Per slot van rekening, hoe anders moet ons reaksie wees teenoor die onbetaalbare gawe van die genade van God? Sy vrygewigheid besiel ons ook om te gee, en wanneer dit aan dankbaarheid gekoppel word, bevat beide die bestanddele vir betekenisvolle offergawes wat ons tyd, talente, besittings en ons liggame insluit.

Lees *Eksodus 34:26, Levitikus 22:19–24, en Númeri 18:29*. **Terwyl die konteks vandag heeltemal verskillend is, watter beginsel vind ons in hierdie verse wat op ons offergawes betrekking het?**

Ons beste offergawes mag onbenullig in ons oë wees, maar God sien dit as belangrik. Deur aan God die beste te gee, plaas ons Hom eerste in ons lewens. Ons gee nie offergawes om gunste te ontvang nie; ons gee wat ons het omdat ons dankbaar is vir wat ons in Christus Jesus ontvang het. “Algehele toewyding en welwillendheid wat deur dankbare liefde aangespoor word, sal aan die kleinste offergawe, die gewillige offerande, ‘n goddelike geur gee wat aan die gawe ‘n onskatbare waarde sal gee. Maar, nadat ons gewilliglik alles wat ons kon aan ons Verlosser oorgegee het, hoe waardevol dit ook al vir ons mag gewees het, en ons beseef hoeveel dankbaarheid ons God werklik skuld, sal alles wat ons aangebied het vir ons onvoldoende en karig lyk. Maar engele neem hierdie offergawes wat vir ons min lyk, en bied dit as ‘n geurige offergawe voor die troon aan, en dit word aangeneem.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 3, bl. 397, (vrye vertaling).

Die hart se motiewe

In een van die vorige lesse was daar na die verhaal van die weduwe se mildelike offergawe verwys. Alhoewel dit in vergelyking met die ander offergawes gering was, was dit mildelik, want dit het haar ware karakter en hart geopenbaar, en dit het Jesus aangemoedig om te sê, “‘Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwe meer as almal ingegooi het’ ” (*Lukas 21:3*). God alleen (*Jakobus 4:12*) ken ons ware motiewe (*Spreuke 16:2*; sien ook *I Korintiërs 4:5*). Dit is moontlik om reg op te tree, maar met verkeerde motiewe. Om te gee wanneer ons oervloed het, vereis nie baie geloof nie, maar om op te offer ten bate van ander, kan inderdaad iets kragtig oor ons harte sê.

Lees II Korintiërs 8:8–15. Waaroor praat Paulus hier met betrekking tot gee en die motiewe daarvoor? Watter beginsels kry ons uit hierdie teksverse wat rentmeesterskap betref?

Wat jou motief ook al is wanneer jy gee, wissel dit onafgebroke tussen eiebelang en onselfsugtigheid. Hierdie onafgebroke stryd tussen selfsug en vrygewigheid word meer dikwels as enige ander geestelike stryd gestry. Selfsugtigheid sal die hart wat eens gebrand het vir God, koud maak. Die probleem ontstaan wanneer ons selfsugtigheid in ons Christelike ondervinding toelaat. Dit wil sê, ons vind maniere om ons selfsug te regverdig, en doen dit in die naam van Christus. Die kern van die saak word in een woord opgesom: liefde. En liefde kan nie betoon word sonder selfversaking nie, ‘n gewilligheid om van jouself te gee, soos om jouself tot die voordeel van ander mense, op te offer. As God se liefde nie in ons lewens gesien kan word nie, sal ons gawes nie God se liefde weerspieël nie. ‘n Selfsugtige hart neig tot ‘n liefde vir self. Ons moet die Here vra “ ‘Besny dan die voorhuid van [ons] hart’ ” (*Deuteronómium 10:16*), sodat ons kan leer om lief te hê soos wat ons bemin word. Liefde, die grondslag van alle ware goedhartigheid, sluit alle Christelike liefdadigheid in. God se liefde wat ons omvou, inspireer ons om terug lief te hê, en wanneer ons so gee, is dit waarlik die heel beste motief.

Wat is verkeerd, indien enigsins, wanneer ‘n vrywillige offergawe meer met ‘n sin vir verpligting as ‘n sin vir liefde gegee word?

Om “gee” te ervaar

Indien Christus gekom het om aan ons die karakter van God te openbaar, behoort een ding teen hierdie tyd duidelik te wees: God het ons lief, en Hy wil net die beste vir ons hê. Hy vra ons om dit te doen wat tot ons eie voordeel sal wees, en nooit tot ons nadeel nie. Dit sal ook Sy beroep op ons wees om vrygewige en blymoedige gewers van dit wat ons ontvang het, te wees. Die vrywillige en vrygewige offergawes wat ons gee, is net so tot ons, die gewer, se voordeel, as wat dit is vir hulle wat ontvang. Net diegene wat op hierdie manier gee, sal weet hoe meer geseënd dit is om te gee as om te ontvang.

Lees II Korintiërs 9:6, 7. Hoe goed word die konsep om te gee in hierdie teksvers opgesom?

Om ‘n mildelike bydrae te maak, kan en behoort ‘n baie persoonlike en geestelike handeling te wees. Dit is ‘n geloofsdaad, ‘n dankbaarheidsbetuiging vir wat ons in Christus ontvang het. En, soos enige geloofsdaad, vermeerder dit ons geloof, want “die geloof sonder die werke [is] dood” (*Jakobus 2:20*). En daar is geen beter manier om geloof te laat groei as om deur geloof te lewe nie, wat beteken om dinge te doen wat uit ons geloof voortspruit, wat daaruit ontstaan. Wanneer ons gee, vrywilliglik en vrygewiglik, weerspieël ons op ons manier die karakter van Christus. Ons leer meer oor hoe God is deurdat ons Hom in ons eie optrede ondervind. Daarom, deur so te gee, word ons vertrouwe in God opgebou en bied dit ‘n geleentheid om te “smaak en sien dat die Here goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!” (*Psalm 34:9*).

“Daar sal gesien word dat die heerlikheid wat in die aangesig van Jesus skyn die heerlikheid van selfopofferende liefde is. In die lig van Gólgota sal daar gesien word dat die wet van selfopofferende liefde die wet van die lewe op aarde en in die hemel is; dat die liefde wat “nie sy eie belang soek nie” sy bron in die hart van God het, en dat die karakter van Hom wat in die ontoeganklike lig woon, geopenbaar is in Hom wat sagmoedig en nederig is.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 11-12.

Op watter maniere het jy die werklikheid van hoe geloof groei, ondervind, deur vrywillig en vrygewig te gee van dit wat jy ontvang het?

Vir verdere studie:

“Die gees van vrygewigheid is die gees van die hemel. Die gees van selfsugtigheid is die gees van Satan. Christus het Sy selfopofferende liefde op die kruis openbaar. Hy het alles wat Hy gehad het, gegee, en toe ook homself, sodat die mensdom gered kon word. Die kruis van Christus doen ‘n beroep op die liefdadigheid van elke volgeling van die Goddelike Verlosser. Die beginsel wat hierdeur geïllustreer word, is om te gee, en te gee. Hierdeur word daar in aktiewe liefdadigheid en goeie werke die ware vrugte van die Christen se lewe gesien. Die beginsel wat wêreldlinge toepas, is om te ontvang en te ontvang, met die verwagting dat hulle daardeur werklike geluk sal smaak; maar, wanneer daarmee voortgegaan word, dra dit vrugte van ellende en die dood.” — Ellen G. White, *Advent Review and Sabbath Herald*, Oct. 17, 1882, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Wat van selfsugtigheid is die teenoorgestelde van die gees van Christus? Wat kan bewustelik gedoen word om onself te beskerm teen ons gevalle natuur se gesindheid?
2. “Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het ‘n blymoedige gewer lief” (*II Korintiërs 9:7*). Die Griekse woord was as “blymoedig” vertaal word, verskyn net eenkeer in die Nuwe Testament, in Engels “hilarious”, en in Afrikaans “vroliek of opgeruimd”. Wat behoort dit aan ons te sê oor ons gesindheid om te gee?
3. Maak ‘n lys van alles wat jy in Christus ontvang het. Bid oor wat jy neergeskryf het. Wat behoort hierdie lys ons te leer oor hoekom ons behoort te reageer en gee van dit wat ons ontvang het? Terselfdertyd, wat leer jou lys jou oor hoe selfs jou beste gawes met die beste motiewe so miserabel lyk teenoor wat ons ontvang het?
4. Hoekom is selfsugtigheid ‘n waarborg dat jy miserabel sal wees?
5. Dink aan iemand in jou eie gemeente wat een of ander behoefte nou het. Wat kan jy nou doen, op hierdie oomblik, wat hierdie persoon of persone kan help? Wat kan jy doen om te help, selfs as dit ‘n moeilike opoffering van jou kant af sal wees?